



# Landsdiens MP Landservice

Mpumalanga / IS001 / SUMMER / AUTUMN EDITION



**stats1** / Mpumalanga  
Laerskole Lidmaatskap

24 Klubs  
2013 Ledetal: 2 851  
2014 Ledetal: 3 290  
2015 Ledetal: 3 304



**stats2** / Mpumalanga  
Hoërskole Lidmaatskap

15 Klubs  
2013 Ledetal: 857  
2014 Ledetal: 905



**stats3** / The Name

means east of literally "the place where the sun rises" in Swazi, Xhosa, Ndebele and Zulu.



**stats4** / Population

The capital is Nelspruit and the total population makes up 6.5% of South Africa's total population.

“ **Plek waar die son opkom** „

FIND US!



Mpumalanga-Landsdiens

YouTube

[https://www.youtube.com/watch?feature=player\\_embedded&v=esknkBzfaN0](https://www.youtube.com/watch?feature=player_embedded&v=esknkBzfaN0)





Mpumalanga-Landsdiens

## Ligbron Landsdiens

*...I'd rather be fishing...*

Mostert vang die eerste vis gevolg deur Melanie Schabort.

En nie baie lank daarna nie, katrol elkeen ook 'n tweede vis in.

Melanie se vis het almal verbaas met 'n ystervarkpen in die rug. Nadat die pen verwyder is, is die vis los gelaat. Alle vis gevang vir die dag is weer terug geplaas in die dam.



Met die "Werf 'n lid vir Landsdiens" veldtog in gedagte word daar 10 nuwe lede tydens die visvang uitstappie gewerf.

Almal het die dag baie geniet en is afgesluit met 'n laatmiddag swem en moddergeveg.

Die lede is gevra om 'n klub embleem te ontwerp vir die klub t-hemp wat tydens uitstappies en aktiwiteite gedra gaan word.

Die wenner se ontwerp gaan vir 2016 op die klub t-hemp pronk



## #landsdiens #Mpumalanga

het die NOOD VAN BOERE raak gesien en besluit om 'n donasie te maak van R15 000 aan die noodfonds wat die boere en mense sal help wat deur die droogte in

**#SuidAfrika** getref is. Liefde vir die natuur en medemens....ons as Mpumalanga Landsdiens...hoop en vertrou dit sal so bietjie verligting bring aan die wat dit so nodig het.



# WATERMELON Festival

Laerskool Klipfontein Represents!



Daar was ook somer 'n handwerkaktiwiteit ingesluit vir Valentynsdag.

Ons kon nie glo die tyd het so vinnig verbygegaan nie en dat ons moes begin opruim nie.

Klippias Landsdiens sien uit na nog 'n wonderlike jaar van lekker aktiwiteite en baie pret en nuwe avonture.

Op Vrydag – 12 Februarie het ongeveer 250 Landsdieners op die rugbyveld bymekaar gekom. 'n Baie opgewonde Landsdienskomitee het almal verwelkom, waatlemoene begin sny en waterglybane opgeslaan.

Die Landsdieners het dit baie geniet en dit was nie lank nie of die komiteedele was ook lekker taai en papsopnat.

“ Wat is lekkerder as baie maats, sonskyn, waatlemoene en water by jou eerste Landsdiens byeenkoms? ”



## Hoërskool Delmas kicking 2016 off with a BANG!

### BELIEVE

Ten einde ons liefde vir ons medemens en ons Skepper meer uit te leef, gaan ons elkeen weer na onself kyk en die waardes waarvolgens ons handel, ondersoek en daarop verbeter.

### FAITH

We kicked off the project by choosing a few important words that will help us along this path. We wrote these words on posters and committed to this value-added project with a handprint of each member on a poster. We put the posters around the school for everybody to see.

### HAPPINESS

Elke saadjie wat ons saai, sal deur ons Skepper reën ontvang en ontkiem. Ons as gelowiges moet getrou saai en glo dat die saadjies wat ons saai, sal ontkiem.

Aksies wat in 2015 geloods was by Kragbron sluit onder ander in Waterkaskenades, Colourfest, Koekedoor koekversiering en Bou 'n burger. By die Troeteldier skou kon landsdieners kom spog met hulle troeteldiere, terwyl ons by Knoop en doop ons eie kleurvolle hemde gemaak het. By die Dans Karaoke het ons heerlik gesokkie en vir arbeid het ons die skool se stoepe gewas. Ons het ook ons liefde vir God uitgeleef deur 'n Bybelpoppekas vertoning aan te bied.

## Laerskool Kragbron Landsdiens

**Grootste klub in Suid Afrika!**

*Landsdiens is nie sommer net 'n aktiwiteit by Laerskool Kragbron in Witbank nie. Landsdiens by Kragbron is soveel meer... As die grootste klub in Suid - Afrika met 'n ledetal van 403 gedurende 2015 gaan Kragbron Landsdiens net van krag tot krag.*



### Can your club compete?

Ons het ook opwindende kampe bygewoon in 2015 waar ons by U'Bhetjan O Africa saam met leeus en renosters gekamp het vir ons klubkamp. Ons het tot in die Pretoria Dieretuin oorgeslaap vir 'n aksie! 6 Leerders van Kragbron het Nasionaal bygewoon in 2015 by Thaba Marula. Ons was baie trots op ons hoofseun Pieter-Schalk du Preez wat verkies was tot Nasionale leier gedurende die kamp.



Duidelik is Kragbron se landsdiens aan die brand. Ons het groot planne vir 2016 waar ons onder ander 'n staptoer na Carolina gaan onderneem. Ons hou ook 'n rommelparade, bederf 'n juffroudag en oupa en oumadag. Landsdiens by Kragbron is besonders, dit is 'n deel van ons skool. Hier leef ons Landsdiens se waardes ten volle uit.

## Welkom Hoërskool Witbank Landsdiens!



**Landsdiens is 'n familie... Landsdiens is vriende... Daarom het ons in Witbank besluit om vir landsdiens 'n nuwe baadjie aan te trek. Deur ons plaaslike hoërskole te betrek stig ons 'n nuwe klub in 2016.**

Met 42 lede by ons eerste aksie skop ons sommer die jaar op 'n hoogtepunt af. Met ons "Breek die Ys" aksie word daar lekker waterspeletjies gespeel. Met die son wat op ons neerbak het ons mekaar met nat sponse probeer neervel, met nat hemde 'n resies gehou en sommer net in die water baljaar. Met baie geesdrif het ons landsdiens maats 'n heerlike middag beleef. Almal was sommer vinnig sopnat. Kort voor lank het almal mekaar geken **en aan** die einde van die aksie was ons almal sommer klaar vriende.

Aksies wat in 2016 op ons wag is onder andere 'n besoek aan die lykshuis, uitreik na 'n kinderhuis, Masterchef challenge, Praise en Worship aand sowel as staptoer. Ons beplan om ons ledetal uit te brei met 'n mikpunt van meer as 'n 100 leerders vir die klub. Ons wil Landsdiens by al die skole DIE aktiwiteit maak wat jy nie kan mis nie want landsdiens is lekker.





# LAERSKOOL GOEDEHOOP

Op 5 Februarie 2016 het Goede hoop landsdieners en hul ouers hulle tente kom opslaan op die skool se rugbyveld, as ons afskop aksie hierdie jaar. Min het hulle geweet dit gaan nie net 'n ken-mekaar wees nie, maar 'n avontuurlike middag-aand wat niemand sou vergeet nie...

Om 17:00 was almal se tente opgeslaan en het die Boeresport begin. Landsdieners en hul ouers het gretig kom deelneem aan elke aktiwiteit.



Met die donkerte wat ons bekruipt het, het braaivleisvure lig, stories en die lekkerste van als..... kos voorsien. Magies vol ogies toe, NEE!!!! Dis lanterne bekruipt!!! Na 'n heerlike aand het ons die oggend verwelkom met beskuit en koffie. Tente is opgeslaan, rugbyveld opgeruim en met Landsdiens herinneringe het ons gegroet en kan ons nie wag tot die volgende Landsdiensaksie nie





# Brainstorming Session



Balancing work and play



We held our annual club meeting on the 10th of February 2016 discussing the exciting new year ahead. Club leaders from across the province joined this brain storming session resulting balancing work and play for the year ahead.

Hoërskool Oosterland



Hoërskool Oosterland het n great naweek gehad op hul klubkamp by Uhbetyan o Africa. #Mpumalanga #LandService #onTheMove!...





# Hoërskool Piet Retief

## Colourfest

Die langverwagte dag het uiteindelik aangebreek – ons eerste Landsdiens middag!  
Vrydag 26 Februarie 2016 het die Pieties 'n colour fest gehou. Daar was so baie pret en gelag en die middag was 'n reuse sukses.

Everybody, even the principal's dog, was full of pigment and we looked a bit like aliens.  
After being bombed by water balloons, we used a big tarp as a slip-and-slide and had so much fun.

Na al die gelag en geskree, het ons na die swembad gegaan vir swem en waatlemoen, waar die weer ons uitgejaag het met 'n paar harde slae.

Wat 'n wonderlike begin vir 'n pret-gevulde jaar wat voorlê!



## HOËRSKOOI SECUNDA KLUBKAMP

Hoërskool Secunda in [#Mpumalanga](#) had their clubcamp this weekend. Hulle hrt dit mal baie geniet....[#Mpumalanga](#) [#Landsdiens](#) [#MPLandService](#) [#OnTheMove](#) [#fun](#) [#sun](#) [#camp](#) [#Enjoy](#)

